

Woensdag 17 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 8:1-8

Fokusgedeelte: Handeling 8:4

Swaarkry versprei die evangelie wyd

Die gedeelte wat die doodmaak van Stefanus beskryf, laat grusame beelde by ons opkom. 'n Mens word in die naam van geloof met uiterste haat met klippe doodgegooi! Ons lees ook van die aandeel wat Saulus daarin gehad het. Saulus wat later Paulus geword het. Eers vervolger van die kerk en toe uitdraer van die evangelie wat self hewige vervolging gely het.

Die kerk in Jerusalem is sodanig vervolgd dat die lidmate moes vlug. Hulle is uitmekaar gejaag en oor die gebiede van Judea en Samaria verstrooi. 'n Mens kan jou indink watter nood en lyde hulle moes deurgaen. 'n Hele lewensbestaan van gesinne is omvergewerp.

Waarom? Sodat die evangelie versprei moet word. In Matteus 28:18-20 het Jesus sy bekende sendingopdrag gegee. Toe die eerste gelowiges in Jerusalem nie daaraan gehoor gegee het nie, het die Here die vervolging beskik sodat die evangelie versprei kan word. Die gelowiges wat uit Jerusalem moes vlug, het oor die hele Judea en Samaria versprei. Dit is opmerklik dat hulle nie oor hulle omstandighede gekla het nie. Hulle verleentheid het God se geleentheid geword om die evangelie (die Blye Boodskap van die Woord) te verkondig.

Hierdie verkondiging was nie uit eie krag nie, maar op grond van Jesus se belofte in Handeling 1:8. Hulle is deur die Heilige Gees daartoe gelei. Die inhoud van hulle boodskap was die verlossing deur Jesus Christus alleen. Filippus (een van die sewe diakens) het Christus in 'n stad in Samaria verkondig. Die inhoud van sy verkondiging is bevestig met die wondergenesings wat daar plaasgevind het. Die gevolg was groot blydskap.

'n Paar gedagtes vir selfondersoek:

- Wanneer ek swaarkry, kla ek of verkondig ek die Woord?
- Die apostels het in Jerusalem agtergebly. Dit was dus gewone lidmate wat in hulle omstandighede die evangelie versprei het. Wat doen ek?
- Is ek bly wanneer die evangelie grense (Samaria) deurbreek?
Deur God se genade het vlugteling sendelinge geword.

Sing: Psalm 119:25 (1936)

Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspuit)